430.E2.21.1

ARTIKEL VIR "RAPPORT" DEUR DR. F. VAN ZYL SLABBERT, L.V., LEIER VAN DIE OPPOSISIE

Daar word te dikwels en te maklik gesê : "Wit politiek is irrelevant". Feit is dat die Parlement die grondwetlike meganisme is waardeur bindende politieke besluite geneem word en deur mag gesanksioneer word. Een van die basiese teenstrydighede van ons politieke stelsel is juis dat die Parlement bindende besluite oor die meerderheid van mense in ons land neem sonder dat daardie mense die geleentheid gehad het om vir die mense in die Parlement te stem of om hulle tot verantwoording te roep. Hierdie teenstrydigheid is tegelyk 'n sentrale bron van konflik in ons land en ook die belangrikste rede waarom "wit politiek" nie irrelevant is nie.

Daarom moet 'n mens mooi kyk na die uitslag van die onlangse algemene verkiesing al lyk dit op die oog af na 'n "all white affair". Twee duidelike tekens het na vore gekom in die uitslag. Die een van regs het vir die Eerste Minister gesê : staak hervorming en toegewings. Laat die witman hou wat hy het vir solank hy kan. Die ander teken het gesê : Druk deur met hervormings. Die veiligheid van ons almal se toekoms lê in deelname nie skeiding; in gesamentlike besluitneming nie eensydige afforsering van maatreëls nie.

Wat gaan die regering nou doen? Dit is die groot vraag. Ek glo dat die druk vir sistematiese en beplande hervorming moet volgehou word nie net in die "wit politiek" nie maar dwarsdeur ons bevolking, wit, bruin en swart. Waarnatoe moet hervorm word? Na 'n Suid-Afrika waar al sy mense gelykwaardige burgerskap kan geniet, waar geen wetlike diskriminasie meer bestaan nie en waar elke volwasse mens gelykwaardig en doeltreffend kan deelneem aan die politiek. Maar dit gaan ons nie regkry as daar

... / 2. ...

vir korttermyn politieke gewin een group ("Kleurlinge") afgespeel word teen 'n ander ("Swartes") of as ons treetjie vir treetjie met permitte gaan wegkruip van diskriminerende wette nie. Dit is die historiese verantwoordelikheid van 'n "wit" parlement om die magte van evolusionêre verandering aan die gang te sit en te sterk. As die "wit" parlement dit nie doen nie sal dit die magte van konfrontasie en geweld aanhelp. Wat ookal gebeur een ding is seker, die wit politiek sal nie irrelevant wees tot die uitslag nie.

--- oOo ---

23 Junie 1981